# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS





# 2027 | Die Geheime van Transilvanië

10 - 18 Mei 2027

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



# Die Geheime van Transilvanië

10 - 18 Mei 2027

**R39 950** per persoon wat deel*
**R49 950** per enkelpersoon*

## Wanneer die son oor die misbedekte berge van Transilvanië sak, ontvou 'n wêreld van geskiedenis, skoonheid en legende.

In hierdie fassinerende streek van Roemenië wag daar 'n onvergeetlike reis op jou – een wat jou neem van die ikoniese Bran Kasteel en die bekoorlike strate van Brașov tot by 'n privaat orrelkonsert in die Swartkerk, die indrukwekkende Turda Soutmyn, die koninklike prag van Peleș Kasteel en die historiese sjarme van Biertan.

In Boekarest bereik hierdie buitengewone avontuur sy hoogtepunt met 'n aandete by die beroemde Caru' cu Bere en 'n besoek aan die indrukwekkende Parlementspaleis. Kom saam met Leef Jou Reis en ontdek die geheime, die bekoring en die onvergeetlike magie van Transilvanië.



# Die Geheime van Transilvanië

10 - 18 Mei 2027

**R39 950** per persoon wat deel*
**R49 950** per enkelpersoon*

## Hoogtepunte

**Turda Soutmyn**
'n Indrukwekkende ondergrondse soutmyn wat in 'n futuristiese toeriste-aantreklikheid omskep is, en tuiste is van die enigste werkende ondergrondse reusewiel ter wêreld.

**Privaat orrelkonsert by die Swartkerk**
'n Eksklusiewe musikale ervaring in Brașov se laat-Gotiese Swartkerk. Die beroemde Buchholz-pyporrel uit 1839, met 63 registers, is die grootste meganiese orrel in Roemenië.

**Biertan Versterkte Kerk**
'n UNESCO-wêrelderfenisgebied en een van die beste bewaarde Saksiese vestingkerke in Transilvanië, met 'n merkwaardige houtslot van 19 sluitpunte.

**Bran Kasteel (Dracula Kasteel)**
'n Ikoniese 14de-eeuse vesting wat sedert 1377 oor die Branpas waak en vandag wêreldwyd met die Dracula-legende verbind word.

**Peleș Kasteel**
'n Sprokiesagtige koninklike paleis, gebou tussen 1873 en 1883, en een van die eerste Europese paleise wat toegerus was met elektrisiteit en sentrale verhitting.

**Middagete by plaaslike inwoners in Viscri**
'n Egte kulturele ervaring in een van Transilvanië se bekendste Saksiese UNESCO-dorpies, waar tradisie en gasvryheid steeds deel van die alledaagse lewe is.

**Parlementspaleis**
Een van die grootste administratiewe geboue ter wêreld, met meer as 1 000 vertrekke, waarvan die bouwerk in 1984 onder Nicolae Ceaușescu begin het.

**Caru' cu Bere**
'n Historiese restaurant in Boekarest, oorspronklik gestig in 1879 en sedert 1899 gehuisves in sy huidige Neo-Gotiese gebou — bekend vir sy tradisionele kos en besondere atmosfeer.






# Die Geheime van Transilvanië

10 - 18 Mei 2027

**R39 950** per persoon wat deel*
**R49 950** per enkelpersoon*



## DAG 1: Maandag, 10 Mei 2027

Vandag is die dag waarna ons almal baie uitgesien het – Roemenië, die land van kastele en legends, hier kom ons! Ontmoet die Leef Jou Reis span by OR Tambo lughawe en vertrek op 'n ongelooflike avontuur!

**(Alle etes aan boord)**

## DAG 2: Dinsdag, 11 Mei 2027

Ons land in die lewendige stad Cluj-Napoca, die kulturele hart van Transilvanië, waar die opwinding van hierdie besondere reis werklik begin. Van hier vertrek ons na Turda Soutmyn, 'n ondergrondse wêreld waar eeue se geskiedenis en moderne verbeelding op verrassende wyse saamvloei. Hier verken ons reuse soutsale, bewonder soutformasies en beleef die misterieuse atmosfeer van hierdie unieke bestemming diep onder die aarde.

Na hierdie buitengewone ervaring reis ons verder deur die skilderagtige landskappe van Transilvanië na die middeleeuse stad Sibiu, een van die mooiste en bes bewaarde historiese stede in Roemenië. By aankoms word ons verwelkom deur 'n stad vol sjarme en karakter — van geplaveide strate en elegante pleine tot die ikoniese "oë van Sibiu"-dakke wat as't ware oor die stad waak. Die dag sluit af met 'n tradisionele Saksiese verwelkomingsete by 'n plaaslike restaurant, waar ons op smaakvolle wyse kennis maak met die geure van Roemenië.

**Oornag: Sibiu (Ontbyt, Aandete)**

## DAG 3: Woensdag, 12 Mei 2027

Na ontbyt vertrek ons uit Sibiu en reis verder na die hart van Transilvanië, waar nog meer geskiedenis, bekoring en ontdekkings op ons wag. Ons eerste stop is die bekoorlike dorpie Biertan, bekend vir een van die indrukwekkendste versterkte kerke in die streek. Hierdie besonderse vestingkerk, met sy heuwelligging en sterk verdedigingsmure, bied 'n fassinerende blik op Transilvanië se ryk Saksiese verlede.







Hier geniet ons ook 'n tradisionele middagete — 'n egte voorsmakie van plattelandse disse en warm gasvryheid.

Daarna reis ons verder na die prentjiemooi middeleeuse stad Sighişoara, een van die laaste bewoonde middeleeuse vestings in Europa. Met sy geplaveide strate, kleurvolle huise en historiese torings voel dit asof jy reguit in 'n sprokieswêreld instap. Maar Sighişoara is meer as net 'n mooi middeleeuse stad — dit is ook die geboorteplek van Vlad die Spietser, wat later met die Dracula-legende verbind sou word.

Die aand behoort aan jou — dwaal deur die ou strate, ontdek 'n knus restaurantjie en geniet die unieke bekoring van hierdie onvergeetlike plek.

**Oornag: Sighişoara (Ontbyt, Middagete)**

## DAG 4: Donderdag, 13 Mei 2027

Vanoggend kry jy nog 'n laaste geleentheid om Sighişoara op eie pas te verken voordat ons verder deur die skilderagtige platteland van Transilvanië reis. Ons volgende stop is die dorpie Viscri, 'n plek waar tyd stadiger beweeg en tradisie steeds deel van die alledaagse lewe is. In onlangse jare het Viscri internasionale aandag geniet, veral deur die betrokkenheid van Koning Charles III, wat eiendom in die dorpie besit en projekte ondersteun wat fokus op die bewaring van tradisionele boumetodes en landelike leefwyses.

Hier geniet ons 'n middagete wat deur plaaslike inwoners voorberei word — eg, hartlik en tipies van die streek, dikwels volgens resepte wat oor geslagte heen bewaar gebly het. Na middagete reis ons verder na Braşov, 'n stad wat in die 13de eeu gestig is en eeue lank 'n belangrike rol as handelsentrum tussen Oos- en Wes-Europa gespeel het. Aan die voet van die Karpate-bergreeks verras Braşov met sy ryk Saksiese erfenis, elegante ou stad en besondere atmosfeer.

Vanaand wag nog ‘n besonderse hoogtepunte op ons — ’n privaat orrelkonsert in die ikoniese Swartkerk. Die grootsheid van die kerk en die unieke klank van die orrel maak hierdie ’n besonderse belewenis.

**Oornag: Brasov (Ontbyt, middagete)**

## DAG 5: Vrydag, 14 Mei 2027

Vandag verken ons Brașov en die omliggende streek, ’n deel van Transilvanië ryk aan karakter, geskiedenis en stories. Ons begin in die ou stad van Brașov, wat in die Middeleeue as ’n belangrike handelsentrum gesien is. Soos ons deur die historiese sentrum stap, ontvou die besondere karakter van hierdie Saksiese stad in sy elegante pleine, kleurvolle geboue en tydlose atmosfeer.



Vanmiddag reis ons na die dorpie Bran vir ’n besoek aan die wêreldbekende Bran Kasteel (Dracula Kasteel). Hierdie ikoniese vesting, wat in die 14de eeu as ’n verdedigingspos op die grens tussen Transilvanië en Walachye gebou is, word vandag wêreldwyd met die Dracula-legende verbind. Hoewel daar min historiese bewyse is dat Vlad die Spietser self hier gewoon het, leef sy verhaal steeds voort in die misterie en verbeelding wat hierdie plek omring.

Na ons besoek geniet ons ’n aandete op die kasteelterrein en sluit ons die dag af op ’n hoogtepunt.

**Oornag: Brasov (Ontbyt, Aandete)**

## DAG 6: Saterdag, 15 Mei 2027

Na ontbyt neem ons afskeid van Brașov en reis deur die skilderagtige Prahova-vallei op pad na die bergoord Sinaia, die elegante “Pêrel van die Karpate”, waar koninklike geskiedenis en bergskoonheid mekaar op besondere wyse ontmoet. Geleë teen die hange van die Bucegi-berge en bekend vir sy groot villas, historiese geboue en verfynde atmosfeer, het hierdie geliefde bergdorp oor tyd ontwikkel tot een van Roemenië se mees stylvolle bestemmings. Hier besoek ons die indrukwekkende Peleș Kasteel, die voormalige somerverblyf van die Roemeense koninklike familie en een van die mooiste kastele in Europa. In die namiddag reis ons verder na die lewendige hoofstad van Roemenië, Boekarest, waar ’n nuwe hoofstuk van ons reis op ons wag. Die aand is joune om die stad op eie pas te geniet — ontdek ’n gesellige restaurant, gaan verken die strate of neem eenvoudig die atmosfeer van hierdie stad in.

**Oornag: Boekarest (Ontbyt)**

## DAG 7: Sondag, 16 Mei 2027

Vandag bereik ons reis sy laaste hoofstuk in Boekarest, waar 'n ander kant van Roemenië na vore kom en die land se verlede en hede op elke straathoek sigbaar is. 'n Onmisbare deel van vandag se program is die indrukwekkende Parlementspaleis, een van die grootste administratiewe geboue ter wêreld en 'n monumentale nalatenskap uit Roemenië se meer onlangse geskiedenis.

Terwyl ons verder deur die stad beweeg, ontdek ons Boekarest se unieke karakter in sy historiese kerke, statige geboue en lewendige pleine. Dit is nie moeilik om te verstaan waarom die stad as die "Klein-Parys van die Ooste" bekend staan nie.

Die middag is joune om die stad op jou eie te verken. Dalk trek een van die gesellige kafees of interessante museums jou aandag, of miskien wil jy 'n draai by die bekende Obor-mark vir 'n eg plaaslike ervaring maak.
Vanaand sluit ons ons laaste aand in Roemenië op 'n hoogtepunt af met 'n aandete by die beroemde Caru' cu Bere, waar tradisionele kos, musiek en atmosfeer sorg vir 'n onvergeetlike afsluiting van hierdie besondere reis.

**(Ontbyt)**





## DAG 8: Maandag, 17 Mei 2027

Vandag neem ons met 'n swaar hart afskeid van Roemenië. Na 'n laaste hotel ontbyt word ons na die lughawe vervoer vir ons vlug terug na Suid-Afrika. Ons harte is vol te danke aan die mense, plekke en herinneringe wat hierdie reis onvergeetlik gemaak het.

**(Alle etes aan boord)**

## DAG 9: Dinsdag, 18 Mei 2027

Welkom terug in Suid Afrika!

# Die Geheime van Transilvanië

10 - 18 Mei 2027

**R39 950** per persoon wat deel*
**R49 950** per enkelpersoon*

## Pakket Sluit In:

- Lughawevervoer (Indien groepsvlugte gebruik word)
- 1 Nag 4* hotelverblyf in Sibiu met ontbyt
- 1 Nag 4* hotelverblyf in Sighisoara met ontbyt
- 2 Nagte 4* hotelverblyf in Brasov met ontbyt
- 2 Nagte 4* hotelverblyf in Boekarest met ontbyt
- Middagete in Biertan
- Middagete in Viscri
- Verwelkomings aandete
- Spesiale aandete in Dracula Kasteel
- Afsluitings aandete by  Caru' cu Bere-restaurant
- Luukse busvervoer
- Privaat orrelkonsert in die Swartkerk
- Plaaslike gids vir die volle duur van die toer
- Ingangsfooie by Turda Soutmyn, Biertan versterkte kerk, Dracula kasteel, Peles kasteel en die Parlementspaleis
- Leef Jou Reis as toerleier en gasheer
- Alle fooitjies

## Pakket Sluit Uit:

- Retoervlugte tussen Suid Afrika en Roemenië
- Visa koste
- Reisversekering
- Middagetes en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele aktiwiteite (tensy anders gespesifiseer)

## Dinge Om te Onthou:

- 'n Visum is verpligtend en op eie koste. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (17 November 2027).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reis span, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal. By Leef Jou Reis stap ons graag, maar daar is alternatiewe opsies wat spontaan opduik en ons kan selfs 'n taxi huur.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy fiks wees en in staat om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n maand voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat, indien nodig, ons van die dae se programme kan uitruil om seker te maak dat jy die beste reiservaring het.
- Die program sluit bed en ontbyt, aandetes, middagetes en toere in, soos in die brosjure uiteengesit.

## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die toer na Transsilvanië te verseker:

STAP 1
As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

STAP 2
Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

STAP 3
Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

## Deposito

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R10,000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R10,000 is teen 01 Augustus 2026 betaalbaar. 'n Derde betaling van nog R10,000 is teen 01 November 2026 betaalbaar en die totale uitstaande bedrag is betaalbaar op 01 Februarie 2027.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: TRAN27 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za

**R39 950 per persoon wat deel* | R49 950 per enkelpersoon***

# LEEF JOU REIS
MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626
Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za
Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende   @GerrieOfficial   @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius